Hoërskool Tuine

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
e - pos: admin@hstuine.co.za
www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

15 Mei 2022

OMSENDSKRYWE NO 8 VAN 2022

Geagte Ouers/voogde

Met die Tweede Kwartaal reeds in volle swang, deel ek graag met u die volgende:
Ons spogskool is besig om met reuse tree ‘n nuwe beeld na buite uit te straal. Met trots kan ons terugkyk na ‘n suksesvolle oueraand. Baie dankie aan elk ouer wat die aand bygewoon het. Dankie dat u, u kind se toekoms en geluk eerste stel.

Baie dankie aan al ons ouers vir hul positiewe kommentaar op ons sosiale platform. U is voorwaar ouers om op trots te wees.

Die Ope-aand vir voornemende Gr. 8-leerders het voorwaar nuwe hoogtes bereik. Bykans 400 voornemende ouers en leerders het die aand bygewoon. Gegewe die bywoning en terugvoer, is Hoërskool Tuine besig om homself stewig te vestig as *Die Skool van Keuse.*

‘n Besonderse Mnr. & Mej. Tuine is op 26 April aangebied. Baie geluk aan al die wenners in hul onderskeie afdelings. Ivan Roux (gaskunstenaar) en Willem Botha (Seremoniemeester) het voorwaar gesorg vir ‘n aand vol elektrisiteit en opwinding.

Die Superreeks het tot ‘n einde gekom en Hoërskool Tuine het algeheel 5de geëindig. Die rugbyspanne het algeheel 3de geëindig. ‘n Besonderse woord van geluk aan ons Eerste Rugbyspan wat gekroon is as ***Superreeks Kampioene vir 2022.***

Baie dankie aan al die ouers wat betrokke is by hul kinders se sport en dit so getrou ondersteun.

REDENAARSAAND:
Dit was weer tyd vir ons leerders om hul tonge te slyp vir die jaarlikse redenaarsaand. Hulle het die gehoor direk aangespreek en ons kan weliswaar getuig dat die leerders oor die nodige talent beskik om uitstekende en uitnemende toesprake te lewer. Die volgende leerders is aangewys is as wenners:

1ste plek:	Devon Delport
2de plek:	Melanie Eloff
3de plek:	Thimar J V Vuuren en Marizaan Lerm

SKOOLBYWONING:
Ons is werklik bekommerd oor sommige leerders se afwesigheidstrant. Dit het ‘n enorme impak op alle rolspelers en ons doen ‘n ernstige beroep op al die ouers om nie hul kinders onnodig by die huis te hou nie, veral gesien in die lig van die komende eksamen.
Leerders toon ook die laaste tyd ‘n tendens van laatkom by die skool. Leerders moet asb. betyds vir skool wees en hier doen ons weereens ‘n beroep op u om ons by te staan.
U sal ook ‘n SMS van die skool ontvang indien u kind afwesig is. Ons vra ook dat u die skool sal inlig indien u kind nie skool bywoon nie. Daar moet ook ‘n geskrewe bewys ingehandig word by u kind se voogonderwyser.

VOORKOMS:
Sommige leerders toon die geneigdheid om nie ag te slaan op die skoolreëls rakende voorkoms nie. Seuns skeer nie en dink met die masker is hul baard nie sigbaar nie. Dogters dra neusringe asook verkeerde oorbelle

en juweliersware. Ons vra u ondersteuning om op ‘n gereelde basis na u kind se voorkoms te kyk en seker te maak dat hy/sy die reëls nakom.
Die korrekte wintersdrag moet vanaf 2 Mei gedra word. Geen ander kleur baadjies of truie is toelaatbaar nie. ‘n Das is slegs verpligtend indien ‘n leerder ‘n langmou hemp en kleurbaadjie dra.

ROOK/VAPE:
Daar is ‘n tendens onder sommige leerders om hul skuldig te maak aan rook en/of “vape” op die terrein. Indien ‘n leerder gevang word dat hy/sy rook/”vape” op die terrein, hetsy waar, sal die normale dissiplinêre prosedure gevolg word. Ons vra dat u uself sal vergewis van ons reëls rakende die onderwerp.

FONDSINSAMELING:
Ons jaarliks fondsinsameling neem binnekort ’n aanvang. Leerders sal ’n boekie ontvang met 6 kaartjies wat verkoop moet word. Op die verkoopte kaartjie sal die leerder se naam ook verskyn. Indien die kaartjie getrek word tydens die prystrekking, sal die leerder ook ’n tablet wen. Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop ontvang ook ’n kontantprys.
Die pryse is as volg:
1ste Plek: Skaap
2de Plek: Gereedskapskas met gereedskap
3de Plek: Gereedskapskas

JAARBLAD:
Ons herinner u dat die Skool se Jaarblad 2021 beskikbaar is teen R200 per jaarblad en dit is beskikbaar by die finansiële kantoor.

WHATSAPP:
Die WhatsApp stelsel bied die skool ‘n baie vinniger en direkte kommunikasie met u as ouer.
Ons versoek dat u sal registreer deur die volgende stappe te volg. Om die effektiewe bestuur van hierdie stelsel te verseker versoek ons ook dat daar slegs een ouer per leerder sal registreer vir die diens.
Hoe om te registreer?
1. Stoor die volgende nommer op die u foon. Indien u nie hierdie nommer op u foon stoor nie sal u geen kommunikasie kan ontvang nie. **083 399 0883.**
2. Stuur dan ‘n WhatsApp boodskap met die volgende inligting na bogenoemde nommer:
   - Leerder se van en naam
   - U verwantskap met leerder (Ma/Pa/Voog)
   - Leerder se graad en klas.
3. Moet asseblief GEEN leestekens tussen in gebruik nie.

Byvoorbeeld : Koekemoer Susan Ma 8H. Die skool se nuwe WhatsApp nr. is **083 399 0883.**

MAANDAG, 16 MEI 2022:
Neem asb. kennis dat die skool op Maandag, 16 Mei om **14:00** sal sluit. Die onderwysers moet ’n kursus bywoon wat reeds om 14:00 begin.

EKSAMENROOSTER:
Sien aangehegte eksamenrooster. Neem asb. kennis dat ons vandag (Vrydag, 13 Mei) ’n rooster ontvang het van die Departement van Onderwys. Dit het ’n impak op ons Gr. 12- rooster. **Die veranderde Gr. 12-rooster sal op Maandag, 16 Mei aan die Gr. 12-leerders gegee word.**

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof

HALFJAAR EKSAMEN 2022

SESSIE 1: 07:30 – 11:00 **SESSIE 2: 11:30 – 14:30**

Datum	Sessie	Graad 8	Graad 9	Sessie	Graad 10	Graad 11
Vr. 27 Mei	1	SW Geo. (1½ uur)		1	Wisk/WG Vr.1 (1½ uur)	Afrikaans (2 ure)
				2		
Ma. 30 Mei	1		SW Geo. (1½ uur)	1	Engels P.2 (2 ure)	Wisk (2 ure) / WG Vr.1 (1½ uur)
				2		
Di. 31 Mei	1	Skeppende Kuns (1½ uur)		1	Afrikaans (2 ure)	Engels P.2 (2 ure)
				2		
Wo. 01 Junie	1		Skeppende Kuns (1½ uur)	1	RTT prakties (2 ure)	BS Vr.1 (1 ½ uur)
				2		
Do. 02 Junie	1	Teg. (1½ uur)		1	Geografie Vr.1 (1½ uur)	RTT prakties (2½ ure)
				2	Geografie Vr.2 (1½ uur)	
Vr. 03 Junie	1		Teg. (1½ uur)	1	Wisk/WG Vr.2 (1½ uur)	LW (2½ ure)
				2		
Ma. 06 Junie	1	Wisk. Vr.1 (1½ uur)		1	LO (2 ure)	Geografie Vr.1 (1½ uur)
				2	VK teorie (2 ure)	Geografie Vr.2 (1½ uur)
Di. 07 Junie	1		Wisk. Vr.1 (1½ uur)	1	Toerisme (1½ uur)	RTT teorie (2½ ure)
				2		
Wo. 08 Junie	1	LO (1 uur)		1	LW (2½ ure) / IGO Vr.1 (1½ uur)	Engels P.1 (2 ure)
				2		
Do. 09 Junie	1		LO (1 uur)	1	GV/VS (2 ure)	LO (2 ure)
				2		IGO Vr.1 (1½ uur)
Vr. 10 Junie	1	Afr. (1½ uur)	EBW (1½ uur)	1	RTT teorie (2 ure)	Geskiedenis (3 ure) / VK teorie (2½ ure)
				2		
Ma. 13 Junie	1	Eng. (1½ uur)		1	Geskiedenis (2½ uur)	Rek (2 ure) / VK prakties (2 ure)
				2		
Di. 14 Junie	1		NW (1½ uur)	1	BS Vr.1 (1½ uur)	Toerisme (2½ uur)
				2		
Wo. 15 Junie	1	NW (1½ uur)	Afr. (1½ uur)	1	FW Vr.1 (1½ uur)	FW Vr.1 (1½ uur)
				2		
Do. 16 Junie	**JEUGDAG**					
Vr. 17 Junie	**SKOOLVAKANSIEDAG**					
Ma. 20 Junie	1	SW Gesk.(1½ uur)		1	FW Vr.2 (1½ uur)	FW Vr.2 (1½ uur)
				2		
Di. 21 Junie	1		Eng. (2 ure)	1	Engels P.1 (2 ure)	GV/VS (2 ure)
				2		
Wo. 22 Junie	1	EBW (1½ uur)		1	Rek (2 ure) / IGO Vr.2 (1½ uur)	Wisk (2 ure) / WG Vr.2 (1½ uur)
				2		
Do. 23 Junie	1		SW Geskiedenis (1½ uur)	1	BS Vr.2 (1½ uur)	BS Vr.2 (1 ½ uur)
				2		
Vr. 24 Junie	1	Wisk. Vr.2 (1½ uur)	Wisk.Vr.2 (1½ uur)	1	VK prakties (2 ure)	IGO Vr.2 (1½ uur)
				2		

GRAAD 12: WINTERSKOOL 2022

Tyd	Vak	Onderwyser	Sleutel
MAANDAG 27 JUNIE			
08:00 – 10:00 (2 ure)	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	6
	RTT	Mev. Jordaan	6
	Rekeningkunde	Mnr. Carstens	12 C
	Fisiese Wetenskappe	Mev. Dold	12 B
Pouse			
10:30 – 12:30 (2 ure)	Afrikaans	Mev. De Kock	5
	Afrikaans	Mev. Du Plessis	5
	Fisiese Wetenskappe	Mev. Dold	5
	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	5
	Wiskunde	Mev. Saaiman	5
Pouse			
13:00 – 15:00 (2 ure)	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	1
	Geografie	Mev. Stoop	12 G
	Verbruikerstudies	Mev. Van Tonder	1
DINSDAG 28 JUNIE			
08:00 – 10:00 (2 ure)	Afrikaans	Mev. Van Wyk	4
	Geskiedenis	Mev. Korff	4
	Geografie	Mev. Stoop	4
	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	4
	RTT	Mev. Jordaan	4
	Wiskunde	Mev. Saaiman	4
Pouse			
10:30 – 12:30 (2 ure)	Afrikaans	Mev. De Kock	3
	Afrikaans	Mev. Du Plessis	3
	RTT	Mev. Jordaan	3
	Wiskunde	Mev. Saaiman	3
Pouse			
13:00 – 15:00 (2 ure)	Afrikaans	Mev. De Kock	2
	Afrikaans	Mev. Du Plessis	2
	RTT	Mev. Jordaan	2
WOENSDAG 29 JUNIE			
08:00 – 10:00 (2 ure)	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	6
	RTT	Mev. Jordaan	6
	Rekeningkunde	Mnr. Carstens	12 C
	Fisiese Wetenskappe	Mev. Dold	12 B
Pouse			
10:30 – 12:30 (2 ure)	Afrikaans	Mev. De Kock	5
	Afrikaans	Mev. Du Plessis	5
	Fisiese Wetenskappe	Mev. Dold	5
	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	5
	Wiskunde	Mev. Saaiman	5
Pouse			
13:00 – 15:00 (2 ure)	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	1
	Geografie	Mev. Stoop	12 G
	Verbruikerstudies	Mev. Van Tonder	1
DONDERDAG 30 JUNIE			
08:00 – 10:00 (2 ure)	Afrikaans	Mev. Van Wyk	4
	Geskiedenis	Mev. Korff	4
	Geografie	Mev. Stoop	4
	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	4
	RTT	Mev. Jordaan	4
	Wiskunde	Mev. Saaiman	4
Pouse			
10:30 – 12:30 (2 ure)	Afrikaans	Mev. De Kock	3
	Afrikaans	Mev. Du Plessis	3
	RTT	Mev. Jordaan	3
	Wiskunde	Mev. Saaiman	3
Pouse			
13:00 – 15:00 (2 ure)	Afrikaans	Mev. De Kock	2
	Afrikaans	Mev. Du Plessis	2

	RTT	Mev. Jordaan	2
VRYDAG 01 JULIE			
08:00 – 10:00 (2 ure)	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	4 en 5
	Wiskunde	Mev. Saaiman	4
Pouse			
10:30 – 12:30 (2 ure)	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	1
	Wiskunde	Mev. Saaiman	5
Pouse			
13:00 – 15:00 (2 ure)	Lewenswetenskappe	Mev. Wilkins	6
	Wiskunde	Mev. Saaiman	3